SAWIS
SAWIS WINE INFORMATION CENTRE
SAWIS WYN INLIGTINGSENTRUM

Geagte Kliënt

INTER-BIBLIOTEEKLENINGS

Die hoofdoel met die Inligtingsentrum is om lede behulpsaam te wees in die bereiking van hulle doelwitte deur betyds en teen ‘n bekostigbare prys die verlangde inligting en/of dokumente te verskaf. Een van ons belangrikste funksies is om materiaal wat nie by die Sentrum beskikbaar is nie te bekom.

In die verlede het die Inligtingsentrum gebruik gemaak van *Infobank* by die Universiteit van Stellenbosch wat ons voorsien het van nasionale en internasionale artikels en/of boeke. Die nuwe ‘Kopiereg Lisensie Ooreenkoms’ maak dit vir hulle onmoontlik om die diens aan nie-universiteit kliënte te bied, sonder addisionele onderhandelinge met inligtingverskaffers. Gevolglik is die *Infobank Dienste Eenheid* teen die einde van 2007 gestaak. Dit het daartoe gelei dat die interleningsdiens by die Sawis Inligtingsentrum opgeskort is.

Die Sawis Inligtingsentrum strewe om vol te hou met die uitstekende diens wat aan ons kliënte tot nou verskaf is, en sal in die toekoms van die Nasionale Interbiblioteek Lening skema en Fooistruktuur (Sien asseblief Lidmaatskap & Fooistruktuur) gebruik maak, om in ons kliënte se behoeftes te voorsien.

Vir verdere navrae kontak gerus die Inligtingsentrum personeel.

Baie Dankie

Sentrumbestuurder